UIT DIE SERNICK-KRAAL

Van Sernick aan jou

Jeug en jong landbouprodusente in die Suid-Afrikaanse landboutoekoms

Die SA-landboumentaliteit

Die afgelope drie dekades is seker van die interessantste en opwindendste tydperke in die Suid-Afrikaanse landbou. Ons perspektief tot landbou het drasties verander wat produksiemetodes, toerusting en tegnologie betref. Landbou het 'n groot kopskuif gemaak van die "boer-konsep" met die mentaliteit van "sit die bul by die koei en kry 'n kalf" na 'n komplekse besigheid waar presisie-produksiemetodes, hoogs gevorderde tegnologiese toerusting en innoverende bemarkingsmetodes 'n realiteit is.

Verantwoordelikheid

Ondanks verskeie onsekerhede en uitdagings lê die verantwoordelikheid om voedsel te produseer steeds by landbouprodusente. Die begrip "landbouprodusente" sluit megaboere, kommersiële boere, opkomende boere, jong boere en die landboujeug in. Elke groep produsente speel 'n kardinale rol in voedselsekerheid en die volhoubaarheid daarvan vir ons groeiende bevolking.

Presisieboerdery

Presiesieboerdery kan omskryf word as 'n omvattende term vir tegnieke, tegnologie en bestuurstrategieë om veranderlikheid te hanteer. Dit sluit in om meer met minder te produseer, die optimale en doeltreffende gebruik van hulpbronne, alternatiewe en innoverende bemarking, produkdifferensiasie, diversifikasie en waardetoevoeging. Die hedendaagse produksiemetodes en insette is gesofistikeerd. Wetenskap word op 'n daaglikse basis gebruik om doeltreffendheid te verhoog en maksimum waarde uit hulpbronne te put.

Innoverende bemarking raak al belangriker om aanvaarbare winsmarges te behaal. Produkdifferensiasie, teikenmarkseleksie en produkverwerking tree na vore. Oorweeg alternatiewe markte deur waardetoevoeging. Waardetoevoeging gebeur nie slegs deur die verwerking van produkte nie, maar ook deur goeie diens, tegnologie, verhoudings, gehalte, alliansies en navorsing. Deur meer skakels in die waardeketting te benut, vergroot die winsmarges en word die risiko's versprei.

Finansiering is noodsaaklik vir produksie en uitbreiding. 'n Produsent moet die nodige finansiële kennis hê om 'n suksesvolle aansoek vir finansiering in te dien. 'n Boerdery is 'n besigheid wat as 'n kommersiële entiteit bestuur moet word.

Opsommend

Landbou het getransformeer tot 'n baie uitdagende en komplekse bedryf. Dit verg innoverende denke, alternatiewe metodes en produkte, genoegsame kennis, deursettingsvermoë en optimisme om suksesvol te wees. Die Suid-Afrikaanse landboubedryf het verseker baie uitdagings, maar die geleenthede oorskry dit.

Weens al dié redes is landbou seker een van die interessantste en mees komplekse studierigtings, navorsingsbedrywe en loopbane om te volg. Tersiêre gegradueerde jongmense in landbou is nodig om hierdie nuwe boere-mentaliteit te verstaan en te bevorder in samewerking met nuwe tegnologie, navorsing en kennis.

Daar word na die groep jong landbouprodusente en navorsers wat sedert 1984 gebore is, verwys as die "millennials". Sienings wat hierdie generasie het, sluit in: "Werk in 'n plek wat 'n doel het" en "Ek wil 'n impak maak". Die landboubedryf bied presies dit. Die toekoms van landbou is in ons jongmense se hande, terwyl die Suid-Afrikaanse toekoms in die landbou se hande is.

Sernick besef die belangrikheid van jeugontwikkeling in die landboubedryf. Ons het besluit om verskeie inisiatiewe te borg om landbou-jeugontwikkeling te ondersteun. Dié inisiatiewe sluit in:

- Die Sernick-jeugkarkaskompetisie, wat by ALFA 2018 beoordeel word.
- Die *Veeplaas* Skole-kuddeprojek, waarvolgens Sernick se Bonsmara-beeste by Hoërskool Reitz gehuisves gaan word.
- Sernick as stigterslid van die *Veeplaas* Jeugstigting.
- "In gesprek met Sernick" by ALFA 2018 – landboujeug, jong boere en swart ekonomiese bemagtiging-vennootskappe. (VP)

Kontak ons gerus vir meer inligting.
Phillip Oosthuizen: Hoof van Ekonomie en Navorsing. Sel: 079 901 8763
Epos: phillip@sernickgroup.co.za
Webtuiste: www.sernick.co.za

'n Gemaksone is 'n lekker plek, maar niks groei daar nie.

Die krag van optimisme

Altesaam 15 skole is deel van die *Veeplaas* Skole-kuddeprojek. Só word die landboujeug bevorder.

Suid-Afrikaanse landbouers is uniek